

DINK SAAM OOR DIE VOLGENDE VRAE:

1. Ken julle die speletjie JENGA? Wat gebeur as mens te veel blokkies begin uittrek uit die toring?
2. Wat dink jy sal gebeur as jy te veel bakstene uit 'n baksteen muur begin haal?
3. Wanneer laas was jy siek gewees? Hoe het jou lyf gevoel? Hoe het jou emosies gevoel? Was dit maklik of moeilik om vriendelik met die mense rondom jou te wees?

In die Ou Testament is daar 'n woord wat dikwels gebruik word: SHALOM. Die woord beteken VREDE. Dit verwys egter nie net na wanneer daar nie 'n bakleiery is nie. Dit verwys ook daarna as al die dele van 'n muur mooi inmekaar pas. Of as al die mense in 'n groep mooi saamwerk of as al die dele van jou menswees (liggaam, emosies, verhoudings, gees, siel) mooi saamwerk. Dit is ook die woord wat baie mense vandag nog gebruik om mekaar te groet. Dis hulle manier van "hallo" sê. Maar hulle sê nie net hallo nie. Hulle sê ook: Ek hoop jy is in vrede met die mense rondom jou en in vrede met jouself en in vrede met God.

4. Ek wonder of jy kan dink hoe jy help om shalom in jou huis of gemeenskap moontlik te maak?
5. Ek wonder hoe Jesus ons kom help om hierdie vrede 'n realiteit te maak?

Doen die volgende aktiwiteit:

Kleur die prent (in pdf beskikbaar saam met hierdie werksblad) in op so 'n manier dat die woord "shalom" uitstaan. Jy kan self besluit hoe. Probeer om die woord te memoriseer terwyl jy dit inkleur.